Publication: Weslander
Date: Thursday, June 18, 2020
Page: 8

Boere maak hul harte oop

Annette Theron

Die Overberg-distriksmunisipaliteit, onder die leierskap van Sakkie Franken, die uitvoerende burgemeester, het 'n veldtog van stapel gestuur om boere in die Covid-19-pandemie by munisipaliteite se humanitêre hulpprojekte te betrek.

Masizole Mnqasela, Speaker van die Wes-Kaapse parlement, het Dinsdag (16 Junie) altesaam 150 000 lemoene ontvang om regoor die Overberg uit te deel. Die lemoene sal 4 000 sakkies vol maak en is deur Community Chest of the Western Cape en Project Orange geskenk.

"Boere het deur die suksesvolle fasilitering van Agri-Wes-Kaap tussen 15 en 20 ton sitrus per week vir verspreiding na die gemeenskappe in die Overberg gegee," het Franken verduidelik.

"Hierdie kwota word nou ook met die Weskus en die Kaapse Wynlande gedeel."

Volgens Franken deel dié drie distrikte die beskikbare vrugte en dan versprei organisasies sonder winsbejag dit na verskillende dorpe en gemeenskappe.

Franken vertel hy is so dankbaar vir die boere van die plase Goedvertrouw, Dome Citrus en Zonquasdrift wat hul harte vir die mense van die Wes-Kaap oopgemaak het.

Toe die 25 ton sitrus Donderdag 11 Junie onder die distrikte versprei is, was Ivan Meyer, die Wes-Kaapse minister van landbou, asook die burgemeesters en 'n raadslid van die drie distrikte teenwoordig om hul dank en waardering teenoor die boere uit te spreek.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.